# Op soek na 'n duidelike reformatoriese paradigma vir kerklike gesag

B Spoelstra
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Abstract
In search of a clear reformed paradigm on ecclesiastical authority

This article represents an effort to investigate the claim from different viewpoints that Jesus Christ is the real and sole authority in church polity. It is maintained in this article that different systems of church government replace in reality the *ius divinum* with a *ius humanum*. The church can only be governed by the authority of Jesus Christ in a ministry where the grounds for ecclesiastical decisions and directions are clearly pointed out from the Scriptures.

## 1. INLEIDING

Dit was my voorreg om kollega Adriaan Pont kort na die aanvang van sy lang en vrugbare akademiese loopbaan (Pont [1983]) in die argief van wyle prof S P Engelbrecht te ontmoet. 'n Dekade later het tussen ons 'n persoonlike vriendskap en aangename samewerking op kerkhistoriese en kerkregtelike gebied ontstaan, waarin ek baie van Adriaan ontvang het. Ek is verryk deur sy wye kennis en entoesiasme en hy het deur uitnodigings om saam te werk my direk en indirek beweeg om dieper te delf in ons gemeenskaplike reformatoriese besit (vgl Spoelstra 1975, [1976], 1979, 1982).

Adriaan Pont was steeds die oop-akademikus wat krities kon kyk na sy eie en na ander. Sy belangstelling vir die vak Kerkreg in 1957 (Pont 1987:25vv), val saam met 'n ontploffing in die Duitse evangeliese kerkreg by Von Campenhausen, Käsemann

en andere (vgl Dombois 1969:140-162; Maurer 1976:52-59). Die Duitse denke het van 'n natuurregtelike en sekularistiese basis na 'n pneumatiese en Christokratiese kerkregopvatting gekeer. Pont het die Christologie in die ekklesiologie benadruk (Pont [1982b]:104) en die Afrikaanse kerkregliteratuur verryk met 'n kostelike oorsig van dokumente uit die Reformasie (Pont 1981).

Die twintigste eeu word gekenmerk deur 'n gesagskrisis. Daar heers spanning tussen die pole van gesagdraer en gesagonderdaan. Sommige bestry alle gesag (anargie), ander ontken die goddelike basis vir gesag (humanisme, mens-outonomie, volksoewereiniteit) en 'n derde bepleit soos die charismatici slegs inwendige, sedelike kerklike gesag (subjektivisme).

Uit verskillende hoeke word verskillend oor kerklike gesag geoordeel. In teorie en *de jure* sal kerklike gesag maklik alleen aan Christus toegeskryf word. In werklikheid en *de facto* sal die gesag aan of die amp (Rooms-Katolieke Kerk), of die gemeente (kongregasionalisme), of die 'staat' of 'kerk' (verenigingsreg 1816, vgl Pont 1963:36), of die bipolêre kerkraad en sinode van die Doleansie (Bouwman 1934:22; Spoelstra 1967), of die sinode van ampsdraers (Bouwman 1937:94), of aan die vergadering van die 'ampte' (Pont 1982a:26; Botha 1990:536) ontleen word.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om by sy emeritaat 'n paar kritiese gedagtes oor die soeke na 'n ware en toepaslike reformatoriese begrip van kerklike gesag aan Adriaan op te dra. By die skryf van die artikel het dit my opgeval dat hy (Pont 1962; 1963:36; 1981; [1982b]; [1983]:26; 1984; 1985:519, 528vv; 1986:534) en ek (Spoelstra 1967, 1977, 1989) meer oor die gesag van vergaderings as oor die inherente karakter van die gesag as sodanig gehandel het. Ek vertrou dat hierdie artikel sal bydra dat oor die 'hoe' van die regering van Christus in sy kerk nog dieper gedink kan word as wat ons gedoen het, sodat die nodige besinning oor die praktiese en diakoniologiese 'hoe' van ware Christokratiese en reformatoriese bediening van gesag op dreef kom.

Ek wil probeer om enkele lyne na kerklike gesag, die gesag van Christus in sy kerk, die vorme en basis van kerklike gesag en wat daarmee saamhang deur te trek.

## 2. DIE BEGRIP 'GESAG'

Die woord 'gesag' beteken in die algemeen die wettige reg om te beveel. Gesag kan ook verwys na 'n persoon, liggaam of instelling wat die reg het om te regeer, of wat die outoriteit het om te beïnvloed (*HAT* 1976). Wie gesag voer, kan die ander verplig tot sekere handelinge of belet om te handel (Bender sa:753). Eksegese van die Bybelse begrip *eksousia* mag dieper dimensies van gesag openbaar (vgl Kuyper 1910:276). In die sogenaamde Nederlandse Doleansiekerkreg word 'kerklike mag' as 'n wisselvorm vir 'gesag' gebruik (vgl Rutgers 1890:18). In die algemeen word nie

skerp tussen begrippe soos 'gesag', 'soewereiniteit', 'mag', 'reg' of selfs 'seggenskap' onderskei nie, sodat groot 'verwarring' (Hepp sa) oor die begrip 'gesag' heers.

Gesag kan die beste verstaan word in verband met sy korrelaat 'gehoorsaamheid'. Gesag bind sodat iets volvoer of gedoen moet word. Gesag het 'n basis of bron en gevolglik kan verskillende soorte en vorme van gesag onderskei word na gelang die vorm, aard of figuur wat die gesag uitoefen, verskil.

In die Christendom aanvaar die Rooms-Katolieke Kerk, Luther, Calvyn en die reformatoriese kerkordes uit die sestiende eeu minstens nominaal die soewereiniteit van God en Here-wees van Christus oor sy (universele) kerk as die bron van of basis vir lokale kerklike gesag (Calvyn, 1951:317[2], 331[1], 356[1], 361[1], 365[1]; Timp sa:419-422; Maes sa:519; Pont 1981:190; Smit 1985:32-34; Spoelstra 1989:2-5; Barth 1955:782).

Die pretensie is dat gesag geleë is in die innerlike kwaliteit van die besluite wat die werk van die Gees bedien en dat die gesag nie aan die struktuur van die amp of vergadering wat die besluit neem, ontleen word nie (Visser 1982;273; Ridderbos 1965:196). Die Reformatore het *amptelike* besluite van die pousdom verwerp wanneer hulle oortuig was dat die besluite met die Woord en Gees van God in stryd was. Daarin en daaroor het die gewete beslis (Calvyn 1951:358[8], 365[1]).

Die unieke aard van die kerk ('gemeinde') vereis 'n Christologiese ekklesiologie (Barth 1955:769). Die Rooms-Katolieke Kerk bely ook formeel Christus as die Hoof van sy kerk met die pous as die *Vicarius Christi* (Rongen 1942:755; Maes sa:519; Küng 1976:89, 363). Calvyn en die Reformasie vertrek vanuit die soewereiniteit van God en Christus as enigste Hoof van sy kerk wat met die Woord en die Heilige Gees regeer (Calvyn 1951:328[4], 331[1], 345[1], 347[9]; NGB art 7, 29, 31; HK S 21; Spoelstra 1977:54). Die Heilige Gees lei immers elke gelowige met die Woord en nie net ampsdraers en sinodes nie (Calvyn 1951:327, 358).

Ons sal Luther se beroep op die Woord teen die kerklike gesag roem, maar in eie kerkwees teen iemand wat hom op die Woord beroep, verleë staan, omdat ons soos die Rooms-Katolieke Kerk nie kan glo dat 'n gelowige teenoor ons eie kerkgesag reg en daarmee gesag kan hê nie. Hierdie gesag van die Woord en selfs die 'hoe' en 'in hoeverre' kerklike instansies verdraagsaam moet wees (Spoelstra 1989: 188-196, 302-304), is in die kerkreg nog nie na behore ontgin nie. Vir Calvyn staan dit vas dat 'n handeling van 'n biskop of konsilie (biskopsinode) geen mag en gesag besit wanneer die besluit aan die Woord iets by- of afdoen nie (Calvyn 1951:361[2], [8]). Die vraag oor *hoe* 'n moontlike konflik hom moet vergestalt, *wie* toleransie moet beoefen en *waar*, *wanneer* en *hoe* uitgemaak moet word of die handeling die Woord aantas, bly 'n lastige saak omdat dit gewoonlik *ex parte* benader word.

Die doel of pretensie by die uitoefening van 'kerklike' gesag word by die meeste kerkgemeenskappe vandag deurgaans as diens aan die koninkryk van God, die opbou van die gemeente van Christus, die eenheid in die kerk van Christus of 'n vorm van eenheid binne die bepaalde kerkgemeenskap of selfs met die oog op 'een goede ghereghgheltheyt ende vorderinge tot alle goet in politicque saeken' aangegee (vgl Rutgers 1890:16). Ons benodig 'n 'diensreg' omdat die kerk eksisteer in diens van Christus (Barth 1955:781).

Die ironie is dat die 'kerk' nie die gesag ('reign of God') kan verwesenlik nie, maar slegs kan 'testify to it' (Küng 1976:98). Tog is 'kerklike besluite' wat tot groot pyn en ellende aanleiding gegee het, altyd onder voorwendsel geneem dat die koninkryk van God deur die gesag van die besluite en deur wie dit geneem het, gedien word. In werklikheid het daardie gesag nie die koninkryk of 'r ign of God' nie, maar die 'Church...itself the focal point' van regering gemaak (Küng 1976:97).

## 3. GESAG, SEGGENSKAP EN BEVOEGDHEID

'Gesag' en 'seggenskap' beteken dieselfde sodra die gesagsfiguur die bevoegdheid het om selfstandig sy gesag uit te oefen, soos die Rooms-Katolieke Kerk (Maes sa: 545) vir die pous en Nauta vir 'n sinode van die GKN opeis (Nauta 1971:121; vgl Bouwman 1937:166). Formele bevoegdheid en seggenskap beteken min of meer dieselfde, maar seggenskap en gesag verskil. Eli het seggenskap of bevoegdheid gehad om teenoor sy seuns op te tree, maar hy het versuim om die gesag van God oor hulle uit te oefen (Calvyn 1844b:257).

Die gereformeerde Kerkordes van die sestiende eeu, gelees saam met tydgenootlike konfessies, maak 'n skerp verskil tussen seggenskap wat kerkvergaderings besit en die gesag wat hulle moet bedien. Reeds in die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB art 7, 29, 32) word die gesag van die Woord skerp van enige bedienaar van gesag onderskei. Juis daarom het die kerke in die sestiende eeu as basiese voorwaarde gestel vir die aangaan van 'n kerkordelike ooreenkoms wat die hou van meerdere vergaderings in 1559 en 1571 sou moontlik maak, dat een dienaar nie oor 'n ander dienaar of een kerk nie oor 'n ander kerk enige heerskappy (gesag) sal voer nie (vgl Pont 1981:50, 103, 192).

Die kerke het reeds in die sestiende eeu gesag aan 'gemeen accoord' of eenstemmigheid geheg (Rutgers 1890:23). Tog is nog verder doelbewus probeer om met die appèlartikel in die kerkorde die gesag van Christus te verskans teen besluite wat in 'n meerdere vergadering met die meerderheid van stemme geneem word. 'n Sinodebesluit verloor volgens artikel 31 van die Dordtse Kerkorde sy gesag wanneer dit eerstens met die Woord van God en tweedens met die kerkorde in stryd kom.

Die kerkorde as vrywillige ooreenkoms (Rutgers 1890:25-27) bevat die gesag van die onderlinge verbandsreg (*ius constitutum*) wat 'n juridiese en nie 'n teologiese karakter dra nie (Pienaar 1982:276, 295; 1986:55; Jonker 1965:23; Spoelstra 1986b: 96vv). Die kerkorde bevat die verbandsreg waarin die kerke ooreengekom het om mekaar in sinodes onderling te help om aan Christus (die Woord) gehoorsaam te bly (Du Plooy 1982:412). Die verbandsreg is dus diensbaar aan die gesag van die Woord. 'n Gewone sinodebesluit wat met die Skrif (soos ook verwoord in die Belydenis) en hierdie kerkorde in stryd is, so lank die kerkorde nie deur 'n sinode gewysig is nie, dra inherent geen gesag nie.

Daar bestaan 'n verskil tussen die seggenskap of bevoegdheid om gesag te bedien en die gesag as 'n reg om te beveel en om te heers. 'Seggenskap' wil nadruk lê op die regmatige posisie om met gesag op te tree. Daarop kan die gelowige (Visser 1980:78), die geroepe ampsdraer so wel as die kerkordelike kerkvergadering aanspraak maak. In elke geval word dieselfde gesag bedien (Rutgers 1890:18; Spoelstra 1989:218); daar is ook nie sprake van groter of hoër gesag by 'n sinode as by 'n kerkraad of iemand wat eenvoudig die Skrif gehoorsaam nie (vgl Pienaar 1986:55). Dit behoort in elke geval die gesag van Christus te wees wat sy liggaam regeer (Barth 1955:782).

'Gesag' is die outoriteit op grond waarvan besluit word. 'n Amp of meerdere vergadering het die bevoegdheid om die gesag van God te bedien, maar dit beskik ook oor die vermoë om die bevoegdheid te misbruik en aan homself meer mag en gesag as aan die Woord van God toe te skrywe en oor die gewetens van ander te heers (NGB art 29). 'Seggenskap' wil nadruk lê op die regmatige posisie om gesag te voer. 'Gesag' is die outoriteit op grond waarvan beveel word.

In die geval van 'n apostel, gesant of verteenwoordiger berus die gesag by die Sender (Matt 28:18-20), sodat Christus self in die bediening by ons teenwoordig word (Calvyn 1951:348[10]; 357[4], [5]). Hy regeer nie met die bedienaar as sodanig nie (Calvyn 1951:331[1]), maar met die Woord wat die dienaar bedien. Hierdie onderskeiding is van wesenlike belang wanneer oor die 'gesag' van 'n 'amp' of van 'n 'vergadering' gehandel word. Indien gesag afgelei word van die ampsdraer wat praat of wat in vergadering saamkom, verskuif die basis van gesag van die Sender na die verteenwoordiger van die Sender. Die verbandsreg verkry daarmee op dieselfde wyse gesag oor die Woord as waarop die parlement in die Britse stelsel soewereiniteit oor die reg verkry.

Dit staan teoreties by die Rooms-Katolieke Kerk en by kerke van die Reformasie vas dat die gesag van Jesus Christus, die Hoof van die (universele) kerk, vir die beswil van die lede van daardie kerk (die konkrete gemeente) bedien moet word (Küng 1976:96; Calvyn 1951:356-385; Barth 1955:774; Ridderbos 1965:201; vgl

Spoelstra 1977:53). Kortom, die reg (die Woord) moet soewerein oor die bedienaars van die reg wees.

Die Woord van God dra een en dieselfde gesag ongeag of 'n ouderling op huisbesoek, 'n predikant op die kansel (NGB art 31; Calvyn 1951:336[1], [4]), die kerkraad in dissipline (NGB art 30, 32; Calvyn, 1951:374[1], [6]), of sinodes ter wille van die eenheid in die leer, die gesag bedien (Calvyn 1951:362[8], [13]; 329[5]; NGB art 32; Pont 1985:542). Calvyn sê: 'Die kerk het Christus as sy enigste Hoof, uit wie die hele liggaam, saamgevoeg en saam verbonde deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate, die groei van die liggaam bevorder vir sy opbouing in liefde' (vgl Ef 4:16). By Christus berus dus die hoogste regeermag (Calvyn 1951:347[9]). Die bediening daarvan vereis 'n unieke inrigting en reg (Barth 1955:769).

## 4. KARAKTER VAN REFORMATORIESE KERKLIKE GESAG

Christus regeer die gelowiges (die kerk) deur sy Woord en Gees onmiddellik, maar ook middellik wanneer mense die Woord bedien waarmee die Gees werk (Küng 1976:173, 177, 185; Calvyn 1951:331[1]; Ridderbos, in Spoelstra 1977:54). Die kerk is die besondere regeergebied (Calvyn 1951:328[4]), 'n absolute monargie (koninkryk) waar die Koning deur sy Woord en Gees regeer (Calvyn 1951:357[4], 361[2], 365[1], 367[6]; Ridderbos 1950:41, 301; Spoelstra, in Smit 1984:81; Van der Walt 1976:48; Visser 1980:72).

Soms word tussen uitwendige en inwendige gesag onderskei. Die uitwendige gesag berus op goddelike aanstelling soos by ouers en konings en slaan op gesagsfigure, terwyl die inwendige gesag op sedelike of 'eminente kwaliteiten door God aan menschen geschonken' berus (Hepp sa). Die onderskeiding hang saam met die wyse waarop God die *regimen naturalis* met mense uitoefen. God voer die *regimen spiritualis* direk en ook middellik in en deur geroepe mense uit (Spoelstra 1982:233-238). Luther bring die twee soorte heerskappy in verband met die twee-rykeleer (Smit 1985:32), terwyl Calvyn tweërlei tipe gesag onderskei, wat onderskeidelik deur natuurlik-burgerlike dienaars van God (Calvyn 1951:447[1]) en kerklik-geestelike dienaars (Calvyn 1951:331[1], [7], [8]) bedien word.

Die kerk het as volk van God met die *regimen spiritualis* as 'pneumatisches Ordnungsrecht' te doen (Bohatec, in Spoelstra 1982:235):

> The unifying principle in Calvin's theology is...the absolute correlation of the Spirit and the Word...When the work of the Spirit is correlated with those manifestations of the Word (ordinantiones Dei), order – above all the order which describes the church – appears...For Calvin

> all church government amounts to ministering of the Word of Christ and thereby the edification of the body of Christ. Unity in Christ comes to the fore where the doctrine is kept pure, where a godly life is led....
>
> (Milner, in Spoelstra 1982:235)

Die wesenlike karakter van ware kerklike gesag is daarom geestelik en bedienend van aard (Van der Linde 1965:87; Smit 1985:38).

Calvyn wys dat God soewerein bly oor alles wat die apostels of die kerk van Antiochië onderneem (Calvyn 1859a:393-397; Kleynhans 1985:139; vgl Hand 13:1-3). Gevolglik is 'ampsdraers' almal gelyk in rang en beklee die status van dienaar wat heerskappyvoering op sterkte van gesag aan die amp verbonde, uitsluit (Maurer 1976:99).

Rudolph Sohm het tereg in die hoogtyd van die vereningingsreg en sekulêre ekklesiologie opgekom vir die gesag van Christus en die Heilige Gees: 'Das Wesen der Kirche ist geistlich, das Wesen des Rechts ist weltlich...Das Wesen des kirchenrechts steht mit den Wesen der Kirche im Widerspruch' (Sohm 1892:699-700, 455 – t o v kerkreg soos in 1892 in Duitsland beoefen). Sohm wou die gesag van die 'Wortkönig' in die kerk herstel (Smit 1985:36; Maurer 1976:49, 102) en het in reaksie teen die genootskapsreg enige formele dwingende gesag wat in die kerk of amp sou setel, afgewys. Hy is van 'Spiritualisierung des Kirchenrechts' verwyt (Dombois 1974:216). Die oordrewe pneumatologiese gesagsbegrip loop gevaar van 'einer amtlosen, synodal-kongregationalen Richtung des Kirchenrechts' wat die ampte uitfaseer en uiteindelik tog maar weer deur middel van 'kollegialen vormen' 'n soort sekulêre demokratiese gesag daarstel (Dombois 1969:392).

Die sinsnede 'en die Heilige Gees en ons het dit goedgevind' (Hand 15:28) sê volgens Calvyn dat die Heilige Gees die gids en die goewerneur van die besluit was, omdat God as enigste outeur van geloof die geloof aan die apostels Paulus en Petrus wat dit moes bedien, openbaar het. Die gesag is dus in die geopenbaarde geloof geleë. Die pousdom het geen reg om op grond hiervan aanspraak te maak dat die kerk 'some authority of her own' het om 'own inventions' in te voer met die argument 'it seemed good to us' nie (vgl Calvyn 1859b:69).

Dit staan vas dat 'der Geist immer auf Christus weist'. Die koningskap van Christus, 'die "Kybernesis" ist eine geistliche Gabe' wat geestelike gesag daarstel (Maurer 1976:51; Dombois 1974:224). Die Gees van God moet die kerk deur die getuienis van Christus in alle waarheid lei en daarom durf die kerklike ampsdraers en vergaderings nie op wêreldgelykvormige wyse gesag aanmatig of voer nie. Gesag wat op geestelike leiding neerkom, sal kerklike 'Herrschaft' of dwang uitskakel (Maurer 1976:99).

Die gesag wat Christus deur die Woord en Gees uitoefen, moet dus die karakter van 'bedienende gesag' teenoor die 'dwingende mag' van wêreldlike gesagdraers vertoon. Calvyn sê dat Christus in die bedieninge wat Hy daargestel het, is (d w s diakoniologies) 'altyd by ons teenwoordig' (Calvyn 1951:348[10]). Die gesag wat ampsdraers of kerkvergaderings uitoefen, behoort gevolglik die karakter van die Bybelse begrip 'diakonia' te dra. Daaruit blyk duidelik dat die bedienaar van die gesag van Christus geen uitwendige 'amp' met inherente gesag in terme van die Griekse of Joodse owerhede beklee nie (Skrifbewyse vir 'diakonia' teenoor Griekse en Joodse ampsbegrippe in Küng 1976:388-390; Spoelstra 1977:55).

Talle kerkgemeenskappe maak formeel daarop aanspraak dat hulle slegs die gesag van Christus bedien, maar plaas dit in praktyk buite spel wanneer hulle vir die amp soos by die Rooms-Katolieke Kerk (Phillips sa:64; Bender sa:763; Van Lierde sa:680) of vir die kerkvergadering as sodanig (Art 28 KO GKN, in Nauta 1971:121) met enersluidende argumente gesag opeis: Christus sou aan die amp of aan die vergadering 'n eie gesag verleen het (vgl Bouwman 1937).

Kerkregering pretendeer om sedelike goeie besluite te neem waarmee dié wat dit neem mekaar help om God daarmee te dien soos dit hoort. Die menslike faktor veroorsaak egter ook bitter swak kerklike besluite (Bender sa:754), veral wanneer eie belange in die plek van God gedien word. Die feit dat gesag vanuit 'n vergadering bedien word, waarborg nie dat die gesag van die Woord juis daar beter bedien sal word as waar iemand soos Luther by die ryksdag van Worms alleen staan en sê wat die Woord sê nie.

Schulze (1971:5) praat van die 'filosofiese filter' waarmee mense die Bybel lees. So kon die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die Bybel op sosio-politieke gebied in 1974 met die etniese 'filter' van 'ras, volk en nasie' op een en in 1986 met die liberaalstaatlike 'filter' van 'samelewing' op 'n ander manier vertolk. Dit is moontlik dat wat die Bybel werklik sê in, tussen of buite beide hierdie vertolkings lê. Christene aanvaar selfs in die etiek waar die Bybel duidelik praat, nie altyd dieselfde vertolkings nie.

Voetius (in Rutgers 1890:40) het geweet dat kerke in tye van vervolging dikwels die gesag van die Woord beter gehoorsaam as wanneer hulle in makliker tye kompromisse met die wêreld aangaan. Tydens die Reformasie het mense ter wille van die gewete (Calvyn 1951:366) die 'gesag' van amptelike gesagsfigure afgewys om 'n hoër gesag met die beginsel van *sola scriptura* te eerbiedig (Hand 4:19).

## 5. GEDIFFERENSIEERDE OF EENSOORTIGE KERKLIKE MAG

Calvyn het 'n drieërlei kerklike mag of gesag (*potestas*) onderskei, naamlik eerstens 'n mag om te leer, waarvoor periodiek konsilies (sinodes) nodig is om uit die Woord die eenheid in die leer vas te stel (Calvyn 1844:260vv, 278; 1951:362[8], [13]). Hierdie eenheid in geloof bepaal die wese van die kerk as gemeenskap van gelowiges (Calvyn 1951:329[5]; NGB art 7, 27-29, 32; Spoelstra 1989:5-8, 171, 297-299).

Tweedens het die Here 'n mag om te regeer deur middel van biskoppe en herders (ampte) ingestel om in die prediking en *cura specialis* die gelowiges in die gewone gang van sake met die Woord by te staan en in orde te hou en so as kerk van Christus te bewaar (Calvyn 1951:333[8], 356[1], 367[6], [7], [27]; NGB art 29, 31; Milner 1970:123).

Derdens is daar die mag om te dissiplineer (regspraak) waar die ouderlinge as kerkraad die sleutel van die tug en, indien nodig, van ekskommunikasie bedien (Calvyn 1951:325[22], 356[1], 361[5], 374[1]; NGB art 30; Spoelstra 1989:218-230, 236. In verband met die vraag oor hoe diakens die gesag bedien, vgl Spoelstra 1989:153-154, 227-229).

Kortom, die individuele ampsbediening van die leraar en ouderling, of die bediening van tug deur die kerkraad, of die uitsprake van meerdere vergaderings oor wat die Woord van God oor 'n saak sê (Pont 1985:532, 545), vorm drieërlei modi wat in bevoegdheid en funksie onderskei kan word, maar saam die een *ministerium* van die gesag van Christus in die gemeente moet uitmaak. Die *ministerium* kom in elke geval neer op oopmaak en toepas van die Woord (Calvyn 1951:356[1-4]). Die bekende artikel 30 van die Dordtse Kerkorde van 1619 wil dan ook met 'tuishoort' sê dat sake oor die leer by 'n sinode 'tuishoort' en belet dat 'n sinode (klassis) indring in die bevoegdheid en funksie van die kerkraad (vgl art 84 DKO, in Spoelstra 1989:462-466). Ook 'n kerkraad mag nie oor die funksie van die individuele ouderling heers nie (Calvyn 1951:333[7], [8], 374[1]; 1859a:396; vgl art 72, 73 DKO, in Spoelstra 1989:391-397). Vrees vir hiërargie het egter veroorsaak dat die bediening van gesag deur die ouderling, behalwe in herderlike toesig oor die prediking en gemeente, verswyg is (vgl Nauta 1971:103-106, 121-125). Die argument is naamlik dat 'gezag door Christus aan de kerk is verleend en dat het door de kerkelijke vergaderingen van Christuswege wordt geoefend' (Nauta 1971:125). Hier verplaas kerk en kerkvergadering die ouderlinge van Handelinge 20:28.

By die Rooms-Katolieke Kerk beteken die woord 'kerk' oorwegend die *sacerdotum*, die *ecclesia docens*. Luther se leer van die priesterskap van gelowiges bring egter die 'kerk' as instituut in die gesigsveld. Calvyn sluit nog aan by die tradisie van die middellike 'opsieneramp' soos wat dit in die vroeë kerke en selfs by die Rooms-Katolieke Kerk voorkom (Calvyn 1951:333[7], [8]) en hy dink nie in terme van die

bestuur van die 'kerk' as 'instituut' nie. Hy ontken uitdruklik dat die kerk oor die 'amp' beskik en stel die amp met sy opvatting van 'roeping' onder die soewereine gesag van God (Calvyn 1859:394vv t o v Hand 13:3, 4).

Die betekenisverandering wat die woord 'kerk' vroeg in die sewentiende eeu begin ondergaan, veroorsaak egter dat die onderskeiding tussen die drie gestaltes in die bediening van sleutelmag deur (a) individuele herders en leraars, (b) kerkrade en (c) meerdere vergaderings begin verdwyn. Namate die institusionele en absolute kerkidee opkom, word al meer in terme van 'n sentrale kerklike 'bestuursmag' soos in enige ander vereniging gedink. Vanaf die sewentiende eeu ontwikkel die Nederlandse regsdenke oor vereningings (Smit 1985:106) en die idee van die 'kerk' as 'n organisasie met 'n eie regering begin by Voetius (*Politica Ecclesiastica*) en veral by Hoornbeek (Rutgers 1890:21; Bouwman 1944:28) na vore tree. Die uitgangspunt vir die kerklike gesag en kerkregering begin wegbeweeg van die diakonia (amp) na die kerk as instituut.

Hierdie verskuiwing veroorsaak dat allerlei pogings aangewend word om 'amp', 'kerk' en 'vergadering' as bedienaars van gesag te harmoniseer. 'n Enkele voorbeeld kan dit illustreer: Kleynhans (1985:38, 140) sê dat Christus ampte met gesag beklee het sodat die 'ampsdraers' gesamentlik vanuit die kerkraad kan regeer. So sê die inleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1979) dat die plaaslike kerk met die 'kerkraad in naam van Christus' (en nie die presbiter of biskop soos by Calvyn 1951:333[7], [8] nie) die basis van die presbiteriale kerkregeringstelsel vorm. Ewe so het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die bevestigingsformulier gewysig om te sê dat die ouderlinge gesamentlik vanuit 'n kerkraad onder leiding van 'n predikant die gemeente regeer (GKSA 1985:354).

Bostaande uitgangspunt in die *kollegium* van kerk (instituut) en kerkraad misken die basiese roeping van die ouderling om die gesag van God individueel te bedien (vgl Calvyn 1951:333, 374; 1859a:396; Spoelstra 1989:26-33). Calvyn stel duidelik in sy kommentaar op Handelinge 20:28 dat die ouderlinge gesag beklee om die kerk op 'n besondere wyse te regeer. Eintlik regeer God, die Heilige Gees 'who is the secret witness to the calling of God to each man in his own conscience' (Calvyn 1966:182-183).

Die poging om die spanning tussen amp en vergadering ten opsigte van gesag te versoen, het ook die moderne benaming van 'n 'presbiteriaal-sinodale' stelsel van kerkregering geskep (Bouwman 1937:17; Pont 1981:171; Kleynhans 1985:23), waarin presbiter op 'amp' en sinode op 'vergadering' dui. Die omvangryke polemiek in die GKN sedert die Geelkerkensaak in 1926 oor die 'tugreg van meerdere vergaderings' (Bouwman 1934:67; vgl Bouwman 1937, 1944; vgl Jansen 1976:166 met Jansen 1952:165) kon die tweespalt oor plaaslike en sinodale 'gesag' nie bylê nie.

Waar Calvyn onderskeie wyses en figure aanwys om dieselfde gesag van Christus kerklik te bedien, het die verenigingreg die onderskeiding opgehef en die bedienaars van die gesag in een reguit hiërargiese bestuurslyn met 'kerklike' mag beklee.

## 6. DIE BASIS VIR GESAG

### 6.1 'n Absolute monargie

'n Mens moet kerklike gesag òf in die *ius divinum* òf in die *ius humanum* fundeer. Reeds in die vorige paragrawe het geblyk dat die vroeë, Rooms-Katolieke, Lutherse en Gereformeerde Kerke en selfs vorme van die kollegialistiese stelsel (bv by Pfaff) die *ius divinum*, naamlik dat Christus die Hoof, Koning en Here van sy kerk is, formeel erken. Hy regeer onmiddellik of middellik deur die Heilige Gees en die Woord van God (NGB art 7, 27-32; HK S 21; Visser 1980:72; Smit 1984:76; Van der Walt 1976:15-20; Mans 1972;139; Spoelstra 1989:2-5, 26-31). Die vraag is egter of daar nie ligtelik in teorie 'n *ius divinum* geleer, maar in praktyk 'n *ius humanum* beoefen word nie.

God is soewerein. Occam het reeds benadruk dat God sy wil in sy Woord genoegsaam bekend maak om Hom te dien (Kleynhans 1985:22; Calvyn, in Nauta 1971:10). Geen amp of sinode durf buite die Woord om mense se gewetens in die godsdiens te bind nie. Kerklike dienaars en vergaderings moet die grondreg van die Here vir sy kerk ontdek en handhaaf (Barth 1955:781; Spoelstra 1986a). God laat die Woord deur die gemeente (Visser 1980:78) en deur geroepe ampsdraers bedien (Calvyn 1951:321, 331; Mans 1972:139). Die Woord van God moet in alle geledinge van kerkwees en ampsbedienige in die volstrekste sin van die woord alle gesag dra (Calvyn 1951:319-320, 356-367; Mans 1972:139).

Christus het na die aarde gekom om die 'koninkryk van God' te realiseer (Mark 1:14, 15; Luk 4:43) en hierdie koninkryk is sinoniem met die heerskappy of regering van God (Ridderbos 1950:41). 'In die koninkryk van God wil God ons regeer deur sy Woord en Gees langs die weg van die ampte en amptelike vergaderings' (Mans 1972:147). Slegs kerklike gesag wat die karakter van 'n absolute monargie van Christus dra, kan aan die Koning van die koninkryk wat alle mag het, reg doen (Matt 28:19, 20; Maurer 1976:381). Oordrag of delegasie van mag is in so 'n absolute monargie uitgesluit (vgl Pont [1982a]:24-25; [1982b]:104-111).

'n Mens moet dus tot die slotsom geraak dat dieselfde gesag van die Koning van die kerk op dieselfde wyse deur 'n amp, 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering bedien moet word. Die bediening moet neerkom op uitlê en toepas van die Woord van God. Dit is die metode wat Calvyn in die ***Institusie van die Christelike godsdiens***

en die opsteller van die *Heidelbergse Kategismus* (Ursinus) en die Sinode van Dordrecht in die uitspraak teen die Remonstrante in 1618 gevolg het.

### 6.2 Die basis van 'n konstitusionele monargie deur middel van die amp

'n Konstitusionele monargie het betrekking op teologie wat redeneer dat Christus konstitusioneel of institusioneel menslike organe met gesag beklee het om die kerk(volk) te regeer. Met hierdie argument kwalifiseer die Rooms-Katolieke kerkreg oor hoe die pous Christus verteenwoordig sowel as 'n presbiteriaal-sinodale kerkreg wat gesag in die kerk of kerkvergaderings aan Christus ontleen (vgl art 28 KO GKN, in Nauta 1971:121, 125) as 'n konstitusionele monargie.

Die Rooms-Katolieke Kerk leer dat Christus langs die weg van heilige suksessie die 'opvolgers van Petrus' met gesag beklee en onfeilbaar deur die Heilige Gees lei. Die biskop in die 'stoel van Petrus' is met gesag beklee om namens (Maes sa:518; Phillips sa:664, 671) en kragtens aanstelling plaasvervangend vir Christus te regeer en gesag uit te oefen (Bender sa:763, 793). 'Door haar koninklijke macht leidt en bestuurt de Kerk haar kinderen tot haar eindbestemming...Vandaar een voortdurende goddelijke bijstand...verleend aan de opperhoofd der gemeenschap...' (Van Lierde sa:680). Die 'amp' is die 'kerk' en regeer namens Christus oor die leke (*laos*).

Die stelling van Loisy, 'Jesus proclaimed the kingdom of God, and what came was the Church', trek steeds aandag (vgl Küng 1976:43; Ridderbos 1950:291). Dit beklemtoon hoe maklik die *ius humanum* as *ius divinum* kan poseer.

Die Rooms-Katolieke Kerk behou die amp of diakonia van Christus as vertrekpunt, maar skoei die episkopaat van die *Vicarius Christi* of *pontifex maximus* en *episcopos episcoporum* op die lees van die Romeinse sekulêre monargie (Plöchl 1960:57; Smit 1985:24). Die pous is die hiërargiese hoof van die koninkryk van God op aarde (Maes sa:519). Pous Pius IX het met die bul *Pastor aeternus* die oppergesag van die pous as opvolger van Petrus 'als von Gott geoffenbartes Dogma' verwoord. 'Der Papst hat das unbeschränkte Recht der Gesetzgebung für alle Seiten der Disciplin, so wohl für die ganze Kirche...' (Von Schulte 1956:41). Die mag val uiteen in wetgewende, uitvoerende en regsprekende mag (Timp sa:419-421). Die pous delegeer weer na die biskop 'die Befugniss zur Gezetzgebung durch päpstliche Bestätigung' (Von Schulte 1956:42). 'Er is in de Kerk een groep die leidt, en een groep die geleidt wordt. Die leiders vormen de hierarchie: het godsdienstig bestuur, de anderen zijn de leken [...laos]' (Dorresteijn sa:785).

### 6.3 'n Konstitusionele monargie in die vergadering van die biskoppe

Die kerkregeringspatrone is beïnvloed deur die Romeinse stad- en staatsbesture. Die keiser het die konsilie van Nicea in 325 byeengeroep op die patroon van die Romeinse regeringstrukture en verbandsreg (Plöchl 1960:55-59, 126, 145) om die leergeding met die Ariane te beslis. Keisers en pouse het konsilies op dieselfde patroon in die volgende eeue saamgeroep. Die vraag of die pous of die konsilie die hoogste gesag voer, word by Trente finaal ten gunste van die Rooms-Katolieke Kerk beslis (Phillips sa:664-673).

Die idee van die konsilie het egter by die Reformatore voort-geleef. Die Reformasie stel belydenisse soos dié te Augsburg en die Helvetiese Konfessie (1530, 1563) op deur middel van berade tussen opsiener-teoloë (Landwehr sa; Impeta sa) wat nie noodwendig in een 'kerkverband' geleef het nie, maar wat almal wel onvoorwaardelik voor die gesag van die Woord gebuig het. Calvyn wou ook die eenheid met Cranmer beleef in 'n saamkom sonder om daarmee eenheid in kerkstrukture te impliseer. Hierdie berade het nooit gesag opgeëis met 'n beroep op die uitwendige gesag op sterkte van die organisatoriese eenheid van die instelling of 'biskoppe' wat besluit het nie, maar die gesag gegrond in wat die Bybel geleer het.

Die vereningingsreg het vanaf die sewentiende eeu egter die weg gebaan om op gesag vir die vergadering van ampsdraers (kerkraad of sinode) as instelling aanspraak te maak, omdat Christus die kerk of sinodes sou ingestel en met gesag beklee het (Bouwman 1937:85, 90-98, 115; Nauta 1971:125). 'n Meerdere vergadering en kerkraad is beide 'een vergadering van ambtsdragers' (Bouwman 1937:98) en kan op sterkte van die aanwesigheid van ampsdraers op gesag aanspraak maak. Die redenasies rondom eie gesag van kerklike vergaderings wat tog bedienende mag uitoefen (Bouwman 1937:166), klink na 'n woordespel en dit is opmerklik dat die naam van Christus nie genoem word nie. In werklikheid word daar met twyfelagtige eksegese van Handelinge 15 afgelei dat Christus die meerdere vergaderings elkeen op sy eie terrein met eie gesag beklee het (vgl art 28 KO GKN, in Nauta 1971:121-125; Du Plooy 1982:224-240 toon die omstrede eksegese aan). Handelinge 15 stel geen norm vir hetsy 'n biskoppe- òf 'n kerkesinode nie.

Meerdere vergaderings van kerke kan nie normatief uit Handelinge 15 afgelei word nie. Die idee van 'n sinode van saamwerkende kerke deur middel van afgevaardigdes het nie voor 1559 na vore getree nie. Die Nederlandse kerkordelike struktuur hou verband met die destydse gedesentraliseerde etniese en politieke strukture in Frankryk en Nederland (vgl Loots 1962). Tydens die Reformasie het selfs Calvyn nog aan universele sinodes (konsilies) van biskoppe gedink. Kortom, wie soos Nauta (1971:121-125) aan sinodes 'n eie gesag van Christus op grond van Handelinge 15 toeken, of die stelling maak dat die kerkraad 'in die naam van Chris-

tus' regeer (GKSA 1979:12), skep soos die Rooms-Katolieke Kerk 'n orgaan wat konstitusioneel die kerk vir Christus regeer. Sodra geredeneer word dat Christus gesag aan die kerk of organe oordra, kom dit daarop neer dat die kerk of die orgaan gesagbekleër word (Smit 1985:60).

Op voetspoor van die Franse Kerkorde van 1559 het die Nederlandse kerke ongetwyfeld in 1571 die bestaande kerke (gemeentes) as vertrekpunt vir die meerdere vergaderinge geneem (Pont 1981:104). Pont self benadruk die kerkraad as vergadering van die ampte, en sinodes as vergaderinge kragtens die amp en afvaardiging (Pont 1981:193-213; 1985:545). Hy stel dat die grootste middellike gesag by die sinodale vergadering lê waar 'n 'toestroming van die amp' plaasvind om 'die kerk as geheel te regeer' (Pont 1981:221, 231; 1982b:114). 'Kerk' is hier 'n partikuliere denominasie. Hy meen dat gedagtewisseling in die vergadering van die 'presbiteriaat' op die ou einde 'die gesag van Christus en die ampsdraer' verseker (Pont 1981:221, 231). Die hoop op 'n koöperatiewe harmonie tussen twee hetrogene pole val hier op. Pont (1981:230-231; vgl 'kumulatiewe verteenwoordigende amp' [1982b]:114) stel:

> As die sinodale of meerdere vergadering se gesag dáárin lê dat dit 'n vergadering van die afgevaardigde regeeramp is wat sy besluite neem volgens die leiding van die Heilige Gees èn die Woord, dán het daardie sinodebesluite vansélf gesag...Die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering trag om in sy ordeninge tot uiting te bring dat Jesus Christus sélf sy kerk regeer deur sy Woord en Gees...en dáárdie Woord moet deur die kerk gelees, ondersoek, bely en gehoorsaam word. Dit is dié hoogste onmiddellike gesag of mag in die kerk en die grootste middellike gesag lê by die sinodale vergadering.

My kollega wil die regering van die Woord en Gees verseker. 'n Meerdere vergadering van die 'ampte' laat ons per slot van sake egter nog by 'n konstitusionele monargie waarin 'n aantal 'ampsdraers' saam op grond van vermeende mag wat aan hulle by aanstelling gedelegeer is (soos die biskop van die RKK) hulle eie gesag kan uitoefen. Daarteenoor sê Mans (1972:42) tereg: 'In die koninkryk van God wil God ons regeer deur sy Woord en Gees langs die weg van ampte en amptelike vergaderings.' Hoe prakties verseker kan word dat die Woord en Gees regeer en net God se 'wil' uitgevoer word, is dan egter nog nie uitgemaak nie. Skort daar moontlik iets in die opset of manier van die ampsbediening en vergaderinghou? Beoefen ons 'n sekulêre metodiek van 'n aardse 'ryk', terwyl ons aanspraak maak op gesag uit 'n ander 'ryk'?

### 6.4 Die ekklesiologiese basis vir gesag

In Nederland het die kerkordes van die sestiende eeu met die vergaderings van plurale kerke 'n diakoniologiese en Christokratiese doel gehad. Pont (1982b:104) het tereg opgemerk dat die kerkreg in later jare eerder ekklesiologies as Christologies benader is. Met 'n ander bril op die oë kan die sestiende-eeuse kerkordes egter ook, soos die Doleansie in Nederland, ekklesiologies gelees word. Die negentiende eeu het die bifokale bril van plaaslike en algemene kerk voorsien (Kleyn 1888; Pont 1981:221-224; vgl Spoelstra 1967:23; 1977:45).

Tiperend van die bipolêre ekklesiologiese vertrekpunt, is die nadruk op strukture van die plaaslike kerk of kerkraad aan die een kant en kerkverband as meerdere vergadering aan die ander kant, terwyl 'n 'hidden agenda' vir sinodokrasie sy rol speel (Bouwman 1934:12, 22, 47, 63; Bouwman 1937:63, 85, 178; 1944:8, 43; Fourie 1973:61). In die twintigste eeu verbreed die ekklesiologiese basis tot die idee van 'n 'wêreldkerk'. Op die enorme implikasies van 'ekumene' vir die probleem van gesag gaan ons nie hier verder in nie.

Die ekklesiologiese vertrekpunt in die bipolêre *kollegium* (Bouwman 1934:21-23) het baie met die verenigingsreg en kollegialisme (Maurer 1976:366) in gemeen, maar verskil tog daarin dat met die begrip 'kerk' die koningskap van Christus en die unieke aard van die kerk as die skepping van God minstens formeel erken word: 'Eigenlijk is het zo, dat dit gezag door Christus aan de kerk is verleend en dat het door de kerkelijke vergaderingen van Christus wege wordt geoefend' (Nauta 1971: 125) en daarom 'n kerklike karakter dra. Die gesag is ook tot 'kerkelijk gebied' beperk (Rutgers 1890:27). Daaruit het die idee ontstaan dat kerkrade 'oorspronklike' en sinodes van die kerkrade 'afgeleide' gesag het, of nog meer geforseerd: dat die kerkrade deur deputasie hulle 'mag' in die meerdere vergadering 'saambring' en 'ophoop' (Jansen 1976:164; Bouwman 1944:8; Pont 1981:221; Kleynhans 1985:141).

Die 'assemblies' van die Christian Reformed Church in die VSA word as 'governmental bodies' beskou wat die regering van Christus met die 'authority of Christ himself' deur 'officebearers' uitvoer. Die gesag berus op 'delegation' deur 'constituent churches' omdat 'Christ has entrusted his authority to the entire church' (De Moor 1991:6; vgl Kleynhans 1985:140; Van der Watt 1983:7-11). Die gesag van Christus word só met die innerlike verbandsreg geïdentifiseer.

Kortom, die ekklesiologiese basis vir kerkgesag verabsoluteer die vergaderingstrukture en sekulariseer die gesag van Christus met die argument dat Christus die vergaderings met sy gesag beklee het en daarom moet die kerkvolk hierdie strukture gehoorsaam (vgl *Die Kerkbode* 17 Aug 1983). Die beroep op die gesag van 'die sinode' in dubieuse gevalle met die woorde 'die sinode het besluit' (*Roma locuta causa*

*finita est*) is in die kringe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie onbekend nie.

### 6.5 Die basis van die *ius humanum* (natuurreg)

Die Rasionalisme het sedert die sewentiende eeu die kerk tot 'n gewone natuurlike vereniging van mense wat hulle vrywillig en kontraktueel tot 'n kerk verbind het, gesekulariseer (Brunner, in Smit 1984:79). Die verenigingsreg of Kollegialisme ontwikkel uit die laat-klassieke filosofie aandag vir die individu en natuurregtelike beginsels (Maurer 1976:366). Die kerk is volgens die filosofie van die Wetsidee 'n natuurlike samelewingsverband en in die kerkorde vind ons 'de algemene wetgeving der kerk' (Nauta 1971:7, 9, 123). Die hoogste wetgewende, regsprekende en uitvoerende gesag berus by die sinode waarin die gemeentes deur ampsdraers verteenwoordig word (Kleyn 1888:7, 24, 193; Spoelstra 1977:50; 1989:13-15; Pienaar 1982: 273, 295; Kleynhans 1985:9; Pont 1982b:107). Die regeermag berus teoreties by die lidmate, dit word aan verteenwoordigers oorgedra en die hoogste gesag berus by die meerderheidstem op die hoogste vergadering (Smit 1985:57; vgl Fourie 1973:61, 108).

## 7. SLOTSOM

In die kerkregering moet noodwendig onderskei word tussen gesag wat berus op die Woord van die Koning en waarmee Hy deur die Heilige Gees sy kerk bou en in orde hou (Milner 1970:123), en gesag wat voortvloei uit die innerlike verbandsreg wat die kerke in die kerkorde daargestel het. Calvyn en die *Belydenis* waarsku dat met voorskrifte op sterkte van die verbandsreg versigtig en suinig omgegaan moet word om nie die gesag van Christus in gedrang te bring nie (NGB art 32; Calvyn 1951:367[9], 372[27]). In die praktyk kom dit dikwels daarop neer dat die gesag van die absolute monargie (Christokrasie) grootliks deur die gesag van die verbandsreg die weg van 'n konstitusionele monargie opgaan waarin die kerkvergadering die gesag voer.

Luther was bereid om voor te skryf wat nie uitdruklik met die Woord in stryd of daarin verbied was nie en het so die weg vir die 'Kollegialisme' gebaan (De Wet 1921:24). Daarmee verskuif die gesag van die koninkryk wat Jesus gebring het na die kerk vir wie Hy dit gebring het.

Die koninkryk en heerskappy van Christus vereis dat slegs wat met die Woord van God ooreenkom, voorgeskryf word en wanneer die Woord oor 'n saak swyg, geen amptelike uitspraak gemaak word nie. 'n Konflik in gewete tussen basiese

geloof en kerklike uitsprake, tussen religie en 'kerkgesag', verlam die gesag van Christus in sy kerk (Calvyn, in Nauta 1971:10; vgl Calvyn 1951:362[8], [9]), vandaar die stroom van resente Duitse literatuur wat aandring dat die heerskappy van Christus as Hoof van sy kerk deur die gesag van sy Woord herstel word.

Die kerklike praktyk moet waar 'n Christen, 'n ampsdraer of 'n kerkvergadering die gesag van Christus bedien, doelbewus op die Christokrasie konsentreer. Dit sal vereis dat die tradisionele ekklesiologiese met 'n Christologiese gerigtheid afgeskaal moet word. Dit kan moontlik al gebeur wanneer die vorm waarin kerklike besluite gegiet word 'n meer bedienende, geestelike en minder bevelende karakter aanneem. Die bedienende karakter van besluite as Woord van Christus sal na vore kom wanneer in uitsprake die gronde vir 'n besluit voorrang kry. Daarvoor moet onderskei word tusssen prinsipiële sake wat op die Skrif berus en middelmatige sake wat blote kerklike gesag dra. Die media en mense wag altyd op die uitspraak van die 'kerk'. Die dienende kerk sal in alle geledinge van gewetedwingende sake laat hoor: 'So sê die Here.'

## Literatuurverwysings


Barth, K 1955. *Die Kirchliche Dogmatik: Die Lehre von der Versöhnung*. 4. Band, 2. Teil. Zürich: Sollikon.

Bender, L sa. Het Bestuurgezag in de Katholieke Kerk, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 3, 751-820. Utrecht: Zonnewende Kortrijk. (Het Spectrum.)

Botha, S J 1990. Die ouderling en die regeervergaderings in die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS* 46, 487-496.

Bouwman, H 1934. *Gereformeerd Kerkrecht*, Deel 2. Kampen: Kok.

Bouwman, M 1937. Voetius over het gezag der synoden. DTh-proefskrif. Amsterdam: Bakker.

--- 1944. *Tweeërlei Kerkrecht? Het zogenaamde kerkrecht noch oud, noch gereformeerd*. Amsterdam: Bakker.

Calvyn, J 1859a. Commentary upon the Acts of the Apostles, Vol 1, in Beveridge, H (ed), *Tracts relating to the Reformation*. Edinburgh: T & T Clarke.

--- 1859b. Commentary upon the Acts of the Apostles, Vol 2, in Beveridge, H (ed), *Tracts relating to the Reformation*. Edinburgh: T & T Clarke.

--- 1844. Remarks on the letter of Pope Paul III, in Beverigde, H (ed), *Tracts relating to the Reformation*, Vol 1, 237-286. Edinburgh: Calvin Translation Society.

--- 1951. *Die Institusie van Calvyn*. Duvenage, A (red). Bloemfontein: Sacum.

Calvyn, J 1966. *The Acts of the Apostles 14-28*. Grand Rapids: Eerdmans.

De Moor, H 1991. Assemblies and their authority. *The Banner* 126/1:6, 7.

De Wet, C J H 1921. *Die kollegiale kerkreg*. Amsterdam: Bottenburg.

Die Kerkbode 1983. Gehoorsaam besluite van kerkvergaderings. 17 Augustus 1983, bladsy 4.

Dombois, H 1969. *Das Recht der Gnade: Oekumenisches Kirchenrecht*, Deel 1. Witten: Luther-Verlag.

--- 1974. *Das Recht der Gnade: Ökumenisches Kirchenrecht*, Deel 2. Bielefeld: Luther-Verlag.

Dorresteijn, H sa. Het heilig Prieterschap, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 1, 763-832. Utrecht: Zonnenwende Kortrijk. (Het Spectrum.)

Du Plooy A le R 1982. Kerkverband: 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. ThD-proefskrif, PU vir CHO.

Fourie, D C G 1973. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg. LLD-proefskrif, PU vir CHO.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1979. Kerkorde. Potchefstroom: KJBF.

--- 1985. Sinodale Handelinge. Potchefstroom: KJBF.

Hepp, V sa. s v Gezag. *Christelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk*.

Impeta, C N sa. s v Helvetische Confessie. *Christelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk*.

Jansen, J 1952. *Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*. Kok: Kampen.

--- [1923] 1976. *Korte verklaring van de Kerkenordening*. Herdruk. Amsterdam: Ton Bolland.

Jonker, W D 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Unisa.

Kleyn, H F 1888. *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente*. Dordrecht: Morks.

Kleynhans, E P J 1985. *Gereformeerde Kerkreg*, Deel 3. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Küng, H 1976. *The church*. London: Search Press.

Kuyper, A 1910. *Locus de ecclessia: College-dictaat van een der studenten*. sl, sn.

Landwehr, J H sa. s v Augsburgsche Confessie. *Christelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk*.

Loots, P J 1962. Pluralisme in Staat en Kerk. DPhil-proefskrif, Universiteit van Kaapstad.

Maes, J D M sa. De Paus, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 3, 545-607. Utrecht: Zonnenwende Kortrijk. (Het Spectrum.)

Maes, J D M sa. Stichting en Inrichting van de Katholieke Kerk, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 3, 471-544. Utrecht: Zonnewende Kortrijk. (Het Spectrum.)

Mans, C J 1972. Die verhouding van belydenis en kerkorde. *HTS* 28/3 & 4:134-147.

Maurer, W 1976. *Die Kirche und ihr Recht: Jus Eccliasticum*. Band 23. Tübingen: Mohr.

Milner, B C 1970. Calvin's doctrine of the church. Leiden: Brill.

Nauta, D 1971. *Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: Kok.

Phillips, G sa. Leergezag en Onfeilbaarheid in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 3, 609-680. *Utrecht: Zonnewende Kortrijk*. (Het Spectrum.)

Pienaar, G 1982. Die gemeenregtelike persoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg. LLD-proefskrif, PU vir CHO.

--- 1986. *Die regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Potchefstroom: KJBF.

Plöchl, W M 1960. *Geschichte des Kirchenrechts*. Band 1. Wien: Verlag Herold.

Pont A D 1962. Die Kerkwet en die amp van dienaar van die Woord. *HTS* 17, 66-83.

--- 1963. Oor die Kerkwet van 1862. *HTS* 19, 36-47.

--- 1977. Skrif en Kerkorde – enkele opmerkings. *HTS* 33/1 & 2, 77-90.

--- 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 1. Pretoria: HAUM.

--- [1982a]. Wat hoort tuis in 'n kerkwet en kerkorde in die lig van Skrif en Belydenis. *HTS* 38/1, 23-35.

--- [1982b]. Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk. *HTS* 38/2 & 3, 104-135.

--- [1983]. Vyf en twintig jaar kerkreg binne die ruimte van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS* 39, 18-31.

--- 1984. Die invloed wat Calvyn uitgeoefen het op die samestelling van die eerste Kerkordes van die Franse, Skotse en Nederlandse Kerke gedurende die sestiende eeu. *HTS* 40/2, 120-134.

--- 1985. Die funksie van die belydenis en die dogma in die struktuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die implikasies daarvan vir die predikant. *HTS* 41/4, 519-546.

--- 1986. Calvyn en die kerklike orde: Enkele opmerkings. *HTS* 42/3, 534-546.

--- 1987. Die vryekerk: Enkele opmerkings oor die herkoms en inhoud van dié opvatting. *HTS* 43/1 & 2, 25-46.

Ridderbos, H 1950. *De komst van het koninkrijk*. Kampen: Kok.

--- 1965. *Kerkelijke orde en kerkelijke recht in de brieven van Paulus. Ex audita verbi*. Teologiese opstellen aangeboden aan prof dr G C Berkhouwer. Kampen: Kok.

Rongen, H 1942. Naar Christus voorbeeld, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 1, 691-762. Utrecht: Zonnenwende Kortrijk. (Het Spectrum.)

Rutgers, F L 1890. *De geldigheid van de oude Kerkenordening*. Amsterdam: Wormser.

Schulze, L F 1971. Die filosofiese filter. *In die Skriflig* 5/17, 5-11.

Smit C J 1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

--- 1985. Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. ThD-proefskrif, PU vir CHO.

Sohm, R 1892. *Kirchenrecht*. 1. Band. Leipzig: Duncker & Humblot.

Spoelstra, B 1967. Die gesag van meerdere kerkvergaderings. *In Die Skriflig* 1/3, 23-34.

--- 1975. Persoonlikhede in die vroeë Anabaptisme – Was die Wederdopers rewolusioniste of hervormers? *In die Skriflig* 9/36, 37-51.

--- [1976]. Ontstaan en persoonlikhede in die vroeë anabaptisme. *HTS* 32/1 & 2, 47-64.

--- 1977. Die gesag van die Sinode. *In die Skriflig* 11/43, 45-63.

--- 1979. Calvyn en die grense van die kerk. *HTS* 35/1 & 2, 57-75.

--- 1982. Calvin's canon Law and influence on churches in South Africa, in Van der Walt, B J (ed), *Calvinus Reformator: His contribution to theology, church and society*. Potchefstroom: PU for CHE. (Series F3 [17]:232-258.)

--- 1986a. Die kerklike appèl, in Smit, C J (red), *In gehoorsaamheid*. Opstelbundel aangebied aan prof dr G P L van der Linde by sy emeritering as hoogleraar, 97-114. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasie.

--- 1986b. Het ons kerkwees in strukture gestol? *HTS* 42/1, 94-109.

--- 1989. *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: 'n Handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Teologiese Skool.

Timp, B sa. De Verlosser, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 1, 329-426. Utrecht: Zonnewende Kortrijk. (Het Spectrum.)

Van der Linde, G P L 1965. *Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Walt, J J 1976. *Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Watt, P B 1983. *Kerkregering deur kerkvergaderinge*. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Van Lierde, C sa. Roeping tot Levensstaat, in Bont, D & Pauwels, C F (reds), *De Katholieke Kerk*, Deel 2, 661-764. Utrecht: Zonnewende Kortrijk. (Het Spectrum.)

*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) 1976. s v gesag.

Visser, J 1980. *Kerklike tug: Wat sê die Nuwe Testament?* Noordbrug: CJBF.

--- 1982. Die kerklike tug oor ampsdraers. ThD-proefskrif, PU vir CHO.

Von Schulte, J F 1956. *Die Geschichte der Quellen und Literatur des Canonischen Rechts*. 3. Teil. Graz: Akademische Druk.